# Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

26 Julie 2024 Uitgawe: 3/3/2024

## UIT DIE KANTOOR

Vandag is die 208ste dag van die jaar met slegs 158 dae tot die nuwe jaar. Dit is ook die einde van week 3 van die nuwe kwartaal wat beteken die sport, akademie en kultuur is nou volstoom aan die gang.

Baie dankie aan elke ouer wat Dinsdagaand die oueraand bygewoon het. Akademie is vir ons baie belangrik en dit help baie as ouers en onderwysers kan hande vat om u kind se akademiese struikelblokke te hanteer. Indien u nie die oueraand kon bywoon nie, kontak gerus u kind se vakonderwyser persoonlik om 'n afspraak te maak.

Die musiekafdeling van die tweejaarlikse kunswedstryd skop ook hierdie week af. Baie sterkte aan ons senior koor en elke ander musiekleerder wat hieraan gaan deelneem. Onthou: "hou *noot en gaan groot!"*

Baie sterkte aan ons Pom-poms en Ritmegroep met hul optredes eerskomende Donderdag in Kroonstad. Ons vertrou dat dit ook vir ons kultuurleerders 'n lekker uitstappie sal wees.

Ons hokkieseisoen is ook goed op dreef. Baie dankie vir u begrip rondom reëlings wat op kort kennisgewing verander.

Op Saterdag, 3 Augustus hou Tjokkies hul jaarlikse Absa Tjokkie Hokkie Festival by die Universiteit van die Vrystaat. Ouers wat al vir 'n paar jaar by die skool betrokke is, sal weet dat dit 'n baie groot, maar lekker dag is met ongeveer 2 000 spelers van regoor die Vrystaat wat deelneem. Ek herinner u nou reeds om vroeg op te daag, aangesien parkering altyd 'n probleem is. Ondersteun ook gerus die ouerkomitee wat reeds van vroeg af gereed sal wees met verversings. **Geen gasbraaiers** word ongelukkig toegelaat nie (ter wille van veiligheid).

Indien daar nog enige ouer is wat kan help met verkope, kontak gerus vir mev. Freda Goossen by 082 336 0834.

Ouers moet asb. daarop let dat die UV die volgende onder ons aandag gebring het:

**GEEN** Gazebo's mag binne die grense van die krieketvelde opgeslaan word nie. As u gazebo's buite die krieketvelde opslaan, **GEEN TENTPENNE** nie, dit beskadig die besproeiing. Gebruik asb. sandsakke of waterbottels om die gazebo's te anker.

Dankie vir u samewerking in hierdie verband.

# ANDER

**Fondsinsameling:**

Ons is op die punt om die twee eiendomme wat grens aan die skool, te begin afbreek. Die bome en heining is reeds verwyder. Planne vir die ontwikkeling van die terrein is bykans gereed en ons kan nie meer wag dat die ontwikkeling kan begin nie. Om dit te doen, het die skool egter fondse nodig. Ouers moet asb. uitkyk vir volgende week se uitgawe van die weekblad waarin daar heelwat meer inligting sal verskyn rakende die ontwikkeling van die gronde en hoe u as ouer betrokke kan raak.


Die skool hou ook op Saterdag, 24 Augustus vanaf 17:30 ’n kuierfees. Dit is nie ‘n gewone manne-aand nie, maar ‘n informele geleentheid wat bekend sal staan as die “*TJOKKIE MESSEBRAAI*”. Tydens die geleentheid gaan daar 12+ skape gespitbraai word. Met die aankoop van die kaartjie ontvang u ’n aandenkings-knipmens met die woord “Tjokkies” daarop. Deur hierdie knipmes te gebruik, kan u van skaap na skaap loop en vir u self van die vleis afsny. Daar sal ook bykosse wees waarvan u kan gaan skep. Geen alkoholiese drank gaan tydens die aand verkoop word nie, maar u kan u eie koeler houer bring met vloeibare verversings teen ’n kurkfooi van R300 (klein) of R500 (groot) per houer. Vriende kan saam pak – prys per koeler, nie per persoon. Vriende kan saam uit ‘n koeler kuier – die idee is om oor en weer te deel.

Hierdie is ’n lekker gesellige kuieraand vir die manne om die vuur. Daar sal ook ligte vermaak wees om die regte atmosfeer te skep.

Ek vra dat u en u vriende hierdie geleentheid sal ondersteun om ons drome vlerke te gee ten opsigte van ons ontwikkeling van ons fasiliteite.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 26 Jul.: | Leerderraad uitstappie |
| | Kleuterskool Tjok-lympics |
| 27 Jul.: | Eunice Hokkie Festival |
| 30 Jul.: | Kunswedstryd begin (musiekafdeling) |
| 31 Jul.: | Hokkieliga teen Willem Postma Dogters (Weg) |
| 1 Aug.: | H/S Sentraal Leiersberaad en spanbou (Gr. 7’s) |
| | Pom-pom & Ritmegroep optrede in Kroonstad |
| | Hokkieliga teen Willem Postma Seuns (Tuis) - Dogters oefen nie |



# VERJAARSDAE

Geen

# VAN DIE MAMMAS WAT BID

"Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word."
HEBREËRS 4:16 AFR53

Elke huis het sy kruis. Wanneer jy jouself so dikwels in moeilike omstandighede bevind, is dit nie altyd maklik om met vrymoedigheid tot God te nader nie. Ons verloor hoop. Ons hou maar 'n afstand, druk deur, gaan maar net aan.

Jesus sê in hierdie wêreld sal ons verdrukking hê (Joh. 16:33), maar Hy nooi ons juis in hierdie tyd na Sy genadetroon deur gebed. Ons weet nie aldag wat om te bid nie en ons wonder of dit werklik sal help.

Bid in elk geval! Bid God se wil geskied in jou lewe; Sy goeie, aanvaarbare en volmaakte wil (Rom. 12:2).

Wanneer ons bid, word God verheerlik. Sy verheerliking sluit ons goedheid in.

So, kom ons bring ons deel. Ons deel is om te bid. God se deel is om ons te help op die regte tyd. Hy is getrou. Hy sal ons help!

# HOKKIE

Vir die ouers wat nie by die inligtingsvergadering was nie, ons kry navrae oor die C- en D-spanne wat nie liga speel nie. Wanneer ons teen die groter skole speel, het hulle 4 spanne waarteen ons kan meeding, maar as hulle nie het nie, kan ons hulle ongelukkig nie akkommodeer nie. Daarom is daar ook "festivals" waar hulle speel. Leerders moet asb. al die oefeninge bywoon om oorweeg te word vir die wedstryde al is jy in die C- tot F-span. Moenie net wegbly of opgee nie.

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Dankie aan die manne wat reeds kaartjies aangekoop het vir die messebraai. Vinnig spring, daar is nog kaartjies beskikbaar. Kontak vir Suzane by bemarker@tjokkies.co.za.

# KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres:**
**kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**


KARATE
My child has ADHD
Karate dramatically increases concentration
I need to defend myself
Karate is the best structured art to defend yourself
My child has low self esteem
Karate improves confidence levels dramatically
What sport will be most suitable?
Karate is a life long sport that can start at 5-50 years
My child gets bullied at school
Karate gives confidence to stand up against bullies
BRANCHES: RAMBLERS, LANGENHOVENPARK, FAUNA, GARDENIA PARK, FICHARDTPARK
Bring this coupon to claim 4 free classes and 30% off class fees for the rest of 2024!
082 644 3865